Sptember 2017

INHOUDSOPGAWE

Oordenking…….....1
Uit die Voorsitter se pen……..2
Redaksie…….....3
Bestuursinligting……..4-5
Voogdelys……...…….……...6
Seniorburgerverslag……...……7
Lief en leed……..……...8
Bloekompoort AJV kamp verslag.....9-16
Botswana / Namibië – toer 2017…..……17-21
Verjaarsdae & Huweliksherdenkings…….....22
Humor……...23
Gemmerkoekie Patats……...24
Knutselblad……...…25
Smoushoekie…….……26
Jaarprogram……..…….....…….…..27

Oordenking



Soek hulp en beskerming by die Here, soek gedurig sy teenwoordigheid.
(1 Kron 16:11)

Ek weet daar is mense wat dink *lectio divina* is nie vir hulle nie. Hulle voel hulle het nie regtig tyd nie, of is darem heeltemal te gewoon vir iets soos *lectio divina*.

Dit is egter 'n fout wat jy nie moet maak nie. Ek en jy is gemaak vir stiltetyd by God. Jou verhouding met God is jou heel belangrikste verhouding ooit. Soos 'n vis gemaak is om in die water te leef, is jy gemaak om in 'n verhouding met God te leef. Wat gebeur as jy 'n vis uit die water haal? Hy gaan dood. Haal jou uit die teenwoordigheid van God en jy gaan dood. Jy is gemaak om oor God te mediteer. Dit is jou kos en jou lewe en jou asem. As jy dit ophou doen, leef jou liggaam nog, maar aan die binnekant is jy dood.

Gryp vandag nog die ware lewe aan

(Bron: Hoor die hartklop van God deur Andries Enslin*)*

Uit die Voorsitter se pen

Dagsê Suikerbosranders,
Met die winter agter die rug, al moet ek sê ons het nie ‘n baie koue winter hierdie jaar gehad nie, kom die lente en watter mooi gesig is dit nie om al die bome in hulle bloeisels te sien en alles begin groen word nie en een van die dae is die stof ook al minder. Hoop ons kry ‘n goeie reën seisoen. Vir die wat bevoorreg was om na die blomme te gaan kyk, ek hoop dat julle dit geniet het.
Vriende, baie dankie aan almal wat die AJV bygewoon het dit was ‘n baie lekker en aangename kamp gewees, asook op die manier wat die vergadering plaasgevind het. Ek glo almal het dit terdeë geniet.
Vriende, tydens die vergadering het daar ‘n voorstel gekom vanaf die lede om die bedryfsfonds te verhoog met R50 na R200. Dit was algemeen aanvaar. Vir die wat alreeds die R150 betaal het, kan die ekstra R50 by Bettie inbetaal.
Baie dankie dat julle die vertroue aan die nuwe bestuur geplaas het om die streek se belange te hanteer. Die bestuur sal te alle tye die beste in hul vermoë doen om alles te laat vlot verloop.
Pieter en Bettie, baie dankie dat julle weer ingestaan het om na ons senior burgers om te sien. Julle doen dit so goed, ek hoor net goeie kommentaar van ander streke hoe lekker ons seniors kuier en dat die senior kamp al van maandag af begin.
Daar is ‘n paar van ons lede wat sukkel met die gesondheid en ook Oom Kobie en Tannie Sophie wat ‘n geliefde aan die dood moes afstaan. Alle sterkte aan julle, ons bede gaan uit na julle toe. Ons GOD is almagtig en luister na elkeen se gebed. Ons moet aanhou om ons VADER te vertrou.
Ek wil graag almal uitnooi om ons spook kamp te ondersteun. Ek verstaan dit gaan weereens ‘n baie lekker kamp wees. Onthou van die datum wat terug geskuif het na die oorspronklike datum. (20-22 Oktober 2017). Onthou ook ons afsluitings kamp in November. Die kampkommandante is alreeds besig met die reëlings. “ Its going to be a great one”.

Ek het ‘n whatsapp groep begin vir Suikerbosrand lede en hier moet ek groot asseblief vra dat julle dit alleenlik vir kamp verband en inligting soos lief of leed gebruik. Ek vra vriendelik dat daar geen prentjies of video’s geplaas word nie. **Slegs inligting.**

Mag ons HEMELSE VADER ons elke dag behoed en bewaar sodat ons ons doelwitte kan bereik.

Tot ons volgende saamtrek
Veilig sleep
Virgie

Redaksie

Liewe vriende.

So begin ons nou alweer ‘n nuwe uitgawe van die Suikerbekkie. Dit voel net soos gister wat die vorige een die lig gesien het. Ons snel nou vinnig na die einde van die jaar toe, en ons wil elkeen uitnooi om na die Kers kamp in November te kom. Dit beloof om weer ‘n fees te wees.

In die uitgawe van die Suikerbekkie sal u vind daar is ‘n keuse vorm ingesluit, oor hoe u in die toekoms die Suikerbekkie wil ontvang. Soos besluit is in die AJV word u ‘n keuse gegin om die koste te bespaar op die druk werk van die boekie. Maar dit is geensins verpligtend om dit via e-pos te ontvang nie. Dit is u vrye keuse. Sal u die vorm net so gou as moontlik invul en vir my terug gee asseblief.

Baie dankie aan almal wat insette gelewer het in die uitgawe.

Lekker lees.

Margaret

Bestuursinligting

Ampsdraers	Adres	Kontakbesonderhede
Streeksvoorsitter Virgie Lavos 	Posbus 13160 **Geduld**, 1562	011 813 2734 (H) 011 363 3773 (F) 082 557 7095 (S) virgie@tiscali.co.za
Ondervoorsitter Johnny Randall 	Liebenberg Straat 22 **Heidelberg** 1441	016 349 5661 (H) 084 580 8729 (S) john.randall@absamail.co.za
Sekretaris Jackie Lavos 	Posbus 13160 **Geduld**, 1562	011 813 2734 (H) 083 448 5831 (S) virgie@tiscali.co.za
Penningmeester Bettie Branken 	Johan vd Merwe Rylaan 48 Visagie Park 1491	011 814 5289 (H) 083 230 8350 (S) brankenem@telkomsa.net

Bestuursinligting

Ampsdraers	Adres	Kontakbesonderhede
Skakelbeampte **Mercia Combrink** 	Johan vd Merwe Rylaan 53 Visagie Park 1491	011 814 5496 (H) 072 617 6999 (S) merciacombrink@gmail.com
Voorraad **Zirk Venter** 	H 26 Misty Bay Viliage Vaal Marina	082 871 5210 (S) zirkie@gmail.com
Redakteur **Margaret Randall** 	Liebenberg Straat 22 **Heidelberg** 1441	016 349 5661 (H) 072 766 7025 (S) mags.randall@yahoo.com
Seniorburger **Verteenwoordiger** **Pieter Branken** 	Johan vd Merwe Rylaan 48 Visagie Park 1491	011 814 5289 (H) 083 785 3365 (S) brankenem@telkomsa.net

Voogdelys

Virgie en Jackie Lavos	Bertie en Wilma Herbst Johan en Heila le Roux Gert en Erika Scheepers George en Hester Duvenhage Jooste en Elize Potgieter
Johnny en Margaret Randall	Peter en Wilna Moore Lionel en Mynah Randall Ivan Randall Adriaan en Elmarie Erasmus Rui en Annette Cajada
Pieter en Bettie Branken	Maria van Niekerk Lourens en Beatrix Steyn Johan en Elize van Heerden Philip en Hettie Horn Dániel en Paula van Deventer Willem en Ryna Gerber Phillip en Ans Opperman
Zirk en Rie Venter	Mike en Margaret van der Riet Jan en Daleen Viljoen Tinus en Daleen Strydom Ananda Olwagen Dries en Martie Brandt
Hennie en Mercia Combrink	Willie en Ilona Dreyer Toy en Marianne Kruger Lucas en Annatjie van der Merwe Kobie en Sophie Harmse Cookie Taljaard Cedric en Yolandi Strydom

Seniorburger Verteenwoordiger

Uiteindelik breek die winter seniorburgerkamp aan. Alhoewel die amptelike kamp eers Woensdag sou begin is daar vanaf Sondag al ‘n hele klompie wat kamp en die getalle vul elke dag aan. Woensdag was vrouedag en die oord bederf ons met ‘n spesiale ontbyt wat instaan vir die gebruiklike Donderdagaande se pap en wors.

Saam met die braai koop ons heerlike “slap chips”. Donderdagoggend kuier almal in die saal om die koektafel.

Ongelukkig moes Kobie en Sophie Vrydagoggend terugkeer huistoe. Hul skoondogter is oorlede. Dániel en Paula verlaat ons ook om die NUB kamp by te woon. En Wilma en Bertie vertrek ook omdat hul ander verpligtinge het vir die naweek.

En gou begin die res van die naweeksaamtrekkers insleep.

So kom nog ‘n rustige en heerlike seniorburger saamtrek tot ‘n einde, maar die volgende saamtrek in November is ook bespreek en almal is dit eens dat vanaf Sondag tot Donderdag ook amper te kort is.

Sien julle amptelik 15 –17 November 2017 weer by Bloekompoort.

Groetnis

Pieter Branken.

Lief

Dit baie goed met Hennie Combrink na sy operasie.
Dit gaan ook baie better met Lucas van der Merwe.
Tinus en Daleen Strydom en Willie en Ilona Dreyer het groot ouers geword.
Tegan het goed presteer in landloop.
Monique en Tegan se hokkiespan het deurgedring na die Noordvaal se kampioenkappe.

(*Ons is baie dankbaar dit gaan goed met die oom Hennie en oom Lucas. En baie geluk aan die groot ouers. Geluk aan die tweeling met hulle prestasies. Red.)*

Leed

Dit gaan nie baie goed met Willie Dreyer nie . Hy het weer ‘n draai in die hospitaal gemaak.
Tannie Cookie het geval en haar heup gebreek en was ook in die hospitaal.
Mike van der Riet is gediagnoseer met diabetes.
Oom Kobie en tannie Sophie se skoondogter is oorlede.

(*Ons dink aan elkeen en ons bid dat julle gou sal herstel en dat die Here die trane sal afdroog met die groot verlies van die afsterwe van die dame. Red.)*

Kampnuus

Bloekompoort

11 - 13 Augustus 2017

Vrydag middag en die naweek skop af vir ons gewone agtergeblewe werkers klas kampeerders. Want ons senior burgers was weer bevooreg om al ‘n week lank lekker te gekamp het. Daar word geskarrel met die maak van die ribburgers en almal smul weereens aan ‘n smaaklike burger voor boekevat. Die kamp word gou stil en hier en daar hoor jy ‘n verdwaalde laggie en ‘n rustigheid daal oor die kamp.

Saterdag oggend vroeg word daar beweeg. Dinge word gereël en alles word weer mooi reg geskyf en reg getrek in die saal vir die vergadering later die middag. Nie te lank nie en die ontbyt geure trek deur die kamp en jy sien net groepies mense wat nou lekker kuier en hulle ontbyt geniet.

So word die res van die oggend verwyl met kuier en stories uitruil. En so nou en dan word die stoel ‘n biedjie geskyf dat die son jou darem net nie te veel klits nie en jy ook net weer in die koelte is. Vinnig vlieg die tyd verby en stadig sien jy mense verdwyn na hulle woonwaens om reg te gaan maak vir die AJV. Twee uur en almal kom bymekaar by die saal vir die burgemeesters paar se tee. Ons word vriendlik verwelkom deur ons burgemeesters paar en weereens word daar vir ons hotel kwaliteit verversings aangebied. Dankie aan Margaret van der Riet , die eetgoedjies was vanuit die boonste gestoeltes soos ou Oubaas sal sê.

Stiptelik 3 uur en almal neem hul sitplekke in en die vergadering word geopen deur oom Willem. Al die formaliteite word sommer gou afgehandel en toekenings word uitgedeel en die vergadering verdaag. Wil net geluk sê aan almal wat ‘n toekening gekry het en spesiaal vir Margaret van der Riet vir die verkry van die skild die jaar. Geluk ook aan die nuwe bestuur en sterkte, ons vertrou dit gaan weer ‘n suksesvolle jaar wees onder die hand van hulle.

Daar word verder weer rustig verkeer tot later die aand waar ons weer bederf word met die lekker kos wat die oord vir ons voorberei het. Dankie aan Hennie en sy span. Julle bly maar staatmakers. Na ete keer ons maar terug na ons se kooiens en neem ‘n welverdiende ou slappie na so opwindende dag se gebeure.

Vroeg Sondag oggend en ons kom bymekaar in die saal vir die erediens en ons ontvang weer ‘n besondere boodskap van Ds. Andries Enslin. Daar word na die diens ‘n vining afsluiting gehou, en ons sit aan vir ‘n lekker ontbyt bedien deur die oord.

Dan besef jy die naweek is verby en die realiteit is , dit is alweer tyd om op te pak en huiswaarts te keer en uitsien na ‘n volgende kamp.

Groetnis van die bestuur.

Bestuur 2018

Voor links: Bettie Branken , Jackie Lavos , Virgie Lavos en Johnny Randall
Agter Links: Margaret Randall , Pieter Branken en Zirk Venter
Inlas: Mercia Combrink

Hard word daar gewerk en gespeel om die ribburgers voor te berei

250 Streeks kampe

Welkom in Suikerbosrand

Streek Meriete 3 jaar agter eenvolgend 100% kamp bywoning

100% kamp bywoning

100% kamp bywoning

100% kamp bywoning

100% kamp bywoning

100% kamp bywoning

100% kamp bywoning

100% kamp bywoning

Skild

Senior burger Kamp Kommandante

MamParra vir die naweek

Botswana / Namibië – toer 2017

Vervolg

Ons vertrek na Sesriem. Ons kry weer die fietstoer op die pad, waarvan een ’n Indiër is wat baie mismoedig en verdwaal lyk en alleen agter ry. Die pad is nie veel beter nie. Hier kry ons ’n aangename verrassing, want hier is nou kragpunte geïnstalleer en die batterye kan weer behoorlik gelaai word. ’n Vrou staan by die ontvangs geparkeer met ’n klein karretjie en betrag die skade aan die voor en onderkant van die voertuig – té vinnig oor die ongelyk en erge grondpaaie gery. Die volgende oggend vertrek ons vroeg om Duin 45 te besoek. Die duin bestaan uit sand (in hierdie geval, fragmente van klip) wat ongeveer 5 miljoen jaar oud is en vanuit die Kalahari-woestyn aangewaai is. Paula en Pieter bestyg die duin, maar Pieter draai vroeg om. Ons kry weer dieselfde toergroep van die Chobe-rivierboot hier, asook die fietstoer-lede, maar hulle is nie nou op hulle fietse nie. Ons vertrek na Sossusvlei. Hier aangekom, blaas ons eers die wiele af en kry dom Chinese met twee-trek voertuie, wat in die sand vassit. Sakkie probeer die een help, maar val net verder weer vas. Na ander se pogings ook om te help, besluit ons dat die bakkie met ’n trekker maar uitgesleep sal moet word en ry die 4 km na die parkeerarea by die Dooievlei. Daarvandaan stap sommige van ons die een kilometer paadjie deur dik sand na die vlei. Ongelukkig is daar baie toeriste en kan ’n mens nie mooi foto’s neem nie.

Ons volgende besoekpunt is die Sesriem Canyon. Die Tsauchabrivier het oor sowat 2 miljoen jaar hierdie kloof in die aarde weggevreet. Vroeëre trekkers moes ses gemsbokrieme aanmekaar vasmaak om water met emmers uit die kloof vir hulle diere te kry. Vandaar die naam *Sesriem*.

Ons vertrek na Duwisib kasteel. Die kasteel is deur baron kaptein Hans Heinrich von Wolf in 1908 vir sy vrou, Jayta Humphreys, stiefdogter van die toenmalige Amerikaanse konsulgeneraal, laat bou. Die kasteel is deur Italiaanse, Sweedse en Ierse messelaars gebou. . Die meeste van die boumateriaal is ook uit Europa ingevoer.

Die Eerste Wêreldoorlog het in 1914 uitgebreek terwyl hulle per boot op pad Europa toe was. Die boot moes na Rio de Janeiro uitwyk. Hy het later by die Duitse magte aangesluit en is in ’n skermutseling dodelik gewond. Sy vrou wou nie terugkeer na die kasteel nie en het in Engeland gebly en ook nooit die kasteel opgeëis nie. Sommige beweer dat sy die grond wel verkoop het. Hulle het sowat 300 opreggeteelde perde aangehou. Die perdestal staan vandag nog daar en toon min tekens van verweer. Daar word beweer dat die wilde perde wat vandag in die woestyn voorkom, oorspronklik van hierdie perde afkomstig is, maar dit kon nog nooit bewys word nie.

Ons ry egter die beplande roete na die kasteel mis, waarskynlik weens die padtekens wat ook maar aan die agteruitgaan is en moet deur die Zarishoogte-pas ry wat nogal styl is. Weereens, die pad is geweldig sleg. Ons tref ’n paar onverwagse knikke in die pad en skryf daarmee die Xplorer se neuswiel so te sê af. Die dubbel wiele het weens die vibrasie van die sinkplaatpad uitgedraai en sodoende die grondpad getref. Die een wiel het darem behoue gebly, maar staan windskeef.

Die volgende oggend vertrek ons na Aus. Op aanbeveling van die eienaar van die plaas, ry ons dié keer deur Betta en koop ’n paar versnaperings ten duurste by die klein winkeltjie. Die res van die pad is weer die slegtheid self. Ons kry weer die fietstoer trappend in die stof. Die Indiër is weer heel agter. Johan laat weet oor die radio dat ’n yster in pad lê. Die yster is toe ’n hoekstut van Dániel se Xplorer wat Pieter darem optel. Die sinkplaatpad het veroorsaak dat die vleuelmoer losgekom en uitgedraai het. Die een stut het toe uitgeval. Die Filmalters en Van Deventers ry alleen na Helmeringhausen, terwyl die res langs die pad wag. Daar kry ons heerlike appeltert te eet.

Ons vul brandstof aan in Aus en vertrek na Klein Aus Vista. Dit is weer ’n plesier om teerpad onder jou te voel. Ons word meegedeel die kampterrein ongelukkig vol is. So, plan B is Lüderitz (Shark Island). Ons kry plek, maar die warmwaterstelsel aan die manskant van die ablusieblok werk nie – heerlike fris, koue water. Dániel moet ook stof opskop omdat sy kragpunt nie werk nie. Dié kampterrein is bekend vir wind, maar ons tref dit gelukkig, amper windstilte. Ons mis die kreeffees met een dag, maar kry tog gaar kreefstert vir N$10 elk op die waterfront,

teenoor N$100 en N$300 in onderskeie restaurante. Die prys is afgemerk om van die fees se oortollige voorraad ontslae te raak.

Ons besoek Kolmanskop en Diazpunt. Die voetgangersbrug na die Diazkruis lê in stukke, totaal verweer en ons speel *hop scotch* op die rotse om by die kruis te kom. Die oorspronklike marmerkruis is deur Bartholomeüs Diaz in 1488 opgerig. Vandag is dit ’n graniet replika wat in 1988 opgerig is. Die klein koffieshoppe daar het ook toegemaak.

Kolmanskop is ’n eertydse Duitse dorp wat gedurende sy bestaan (1910 – 1954) en vir sy tyd, baie modern was. Dit het weens die baie diamante wat hier gevind is, ontstaan. Dit het oor ’n hospitaal beskik en weens die diefstal van diamante, het dit ook die eerste X-straal toerusting in die suidelike halfrond gehad. Daar was twee dokters waarvan die een baie gewild was. Hy het voorgeskryf dat sy pasiënte saans kaviaar en sjampanje moes kry. Nog ’n eerste was ’n kleinerige trem. Vir ontspanning was daar ’n balsaal vir teater (opera), dans en gimnastiek, ’n kegelbaan, dobbelhuis en kroeg (laasgenoemde was eerste gebou). Verder was daar ’n kragstasie, ysfabriek, bakkery, slaghuis, skool en lopende water. Die koste om die waterstelsel verder te verbeter sou te duur gewees het, maar die hospitaal en van die huise was wel toegerus met spoeltoilette. Vars water moes per spoor ingebring word en in opgaartenks gepomp word. Die omgewing is oorwegend baie warm en slim tegnologie is toegepas om ys te vervaardig. Elke huishouding is per spoor, gratis van

’n blok ys van sowat 25 liter gereeld voorsien. Dieselfde spoor het ook dan, veral die dames heen en weer binne die dorpie per trem geneem. Gedurende die 1930s het die diamante skaarser begin raak en verder het die dorp begin kwyn toe diamante by die Oranjerivier, die rykste diamantfonds ter wêreld, gedurende 1928 ontdek is. Inwoners het selfs hulle besittings net so gelos met die diamantstormloop na die suide. Die laaste drie gesinne het eers in 1956 weggetrek.

Ons sien ook die MSC Sinfonia wat vasmeer in die hawe, RSG se Oppiwater Kunstefees. Die arme Lüderitz bars uit sy nate en eetplekke is oorvol. Die Diaz Coffee Shop in Lüderitz is aan te beveel. Ons het net voor die stroomloop darem hier kon eet.

Ons volgende bestemming is Keetmanshoop (Kokerboomwoud kampterrein). Ons kry ’n sterk kopwind wat maak dat brandstof hoog in aanvraag is. Ons stop eers om die wilde perde by Aus te sien. Daar is egter net twee verhongerde perde wat tussen die voertuie ronddwaal, maar ons word beloon met ’n trop gemsbokke wat by watergat kom suip. Interessant hoe hulle ook ’n hiërargie handhaaf met wie eerste mag suip. Die oorsprong van hierdie perde word toegeskryf aan Duitse soldate wat hulle perde net gelos het, óf aan ’n skip wat naby die Oranjerivier gestrand het met ’n vrag perde op pad na Australië, óf perde afkomstig van ’n stoetboer en burgemeester van Lüderitz, Emil Kreplin. Duitse vegvliegtuie het bomme op Suid-Afrikaanse vestings in die omgewing van Garub laat val waar sowat ’n 1 700 perde gewei het. Hierdie perde, saam met van Kreplin se perde, het pad gevat. Von Wolf (Duwisib kasteel) se perde kon by hierdie aangesluit het.

By die kokerboomwoud, besoek ons ook die Gaint’s Playground en kyk hoe die jagluiperds gevoer word. Die regering is tans besig om die privaat besit van dié diere in te perk. Geen teling mag meer geskied nie. Verskillende geslagte moet in aparte kampe gehou word. Sou daar wel welpies wees, word ’n ondersoek gelas met onnodige gevolge. Dit gaan eventueel veroorsaak dat jagluiperds slegs in die Etosha gaan voorkom. Die wat op plase gevang word, sal stelselmatig uitgewis word. Hulle kan veral vir skaapboere groot skade veroorsaak. ’n Enkele jagluiperd kan in een nag maklik 30 skape doodmaak en miskien net aan een vreet. Hulle vreet slegs vars vleis. Nogal vol fiemies.

Ons vertrek die volgende oggend na Upington. Ons oornag by Kalahari Monate, maar die Brankens en Van Heerdens besluit om ’n chalet te deel, want hulle wil weer vroegoggend in die pad val. Daar is een langvertrek met vier beddens langs mekaar. Ons verneem later dat daar blykbaar ’n kompetisie gedurende die nag was, maar kon nie vasstel wie die snorkery gewen het nie. Ons sluit die toer dan hier af waar elkeen die aand, tydens ete, ’n beurt gegun word om ’n persoonlike terugblik oor die toer te gee.

In kort: ons het sowat 6 400 km oor 25 dae gery, waarvan amper 1 800 km grondpad was. Slegs die soutpad aan die skedelkus was in ’n goeie toestand, die ander grondpaaie was sleg weens erge sinkplaat ryvlakke. Twee metaal skarniere van ’n kas in Dániel se Xplorer het geskeur.

Die mikrogolfoond het ook losgekom. Van die botteltjies (soos agurkies) se deksels het aanmekaar losgedraai en inhoud verloor. ’n Paar glase is afgeskryf. Die reiskombers het aan die eenkant geskeur. Daar was tydens die toer, geen ernstige voertuigprobleme of bande wat vervang moes word nie. Johan het wel ’n kraak op die voorruit deur ’n klip gekry, moes ’n band wat lek laat regmaak en ’n jerrykan het diesel gelek. Een van Pieter se bakkie se bande het ’n knop gehad, maar dit kon al lankal daar gewees het. Sakkie se Fortuner het op ’n kol vreemde geluide gemaak. Dit was wel warm, maar nooit onuithoudbaar nie, koud, maar nooit vriesend nie.

Die toergroep het malaria vrygespring, ten spyte van die hoë risiko hierdie jaar. Kaartbetalings vir brandstof, was van tyd tot tyd ’n probleem, so ook die beskikbaarheid van brandstof. Ons het nie probleme by die grensposte, of veeposte ervaar nie.

Die Afrika-tyd-sindroom is wel by tye ervaar en met die gretigheid om spesifieke items te vind, is daar soms van die verbode items, soos tamaties en kaas, nie raak gesien nie.

Om dan op te som: dit was ’n besige toer met heelwat uitdagings en is deur almal baie geniet. ’n Vakansie sal dalk nou vanpas wees.

Dániel en Paula

Verjaarsdae

7	September	Elize Potgieter
11	September	Willie Dreyer
14	September	Heila Le Roux
21	September	Ananda Olwagen
4	Oktober	Virgie Lavos
12	Oktober	Tinus Strydom
13	Oktober	Dániel van Deventer
14	Oktober	Jan Viljoen
20	Oktober	Dries Brandt
24	Oktober	Peter Moore
2	November	Sophie Harmse

Huweliksherdenking

16	Oktober	Lourens & Beatrix Steyn
21	Oktober	Dries & Martie Brandt
4	November	Kobie & Sophie Harmse
29	November	Johnny & Margaret Randall

Humor

TOETSBEAMPTE: "Goed Jonas, kom ons toets jou algemene kennis. Jy ry teen 'n afdraend af en voor jou is 'n ander vragmotor. Jy wil verbygaan, wat doen jy ?" JONAS: "Is reg, meneer. Ek kyk hom die left mirror, die pad es skoon, dan kyk hom die right mirror, die pad es skoon. Dan ek slaat die indicator, trap die petrol, kom buitekant, ek gaan verby." TOETSBEAMPTE: "Toe jy nou so besig is om verby te gaan, kom daar 'n ander vragmotor van voor af. Wat doen jy dan?" JONAS: "Is nie mulakeit nie, meneer. Weer ek check die left mirror, es skoon, kyk die right mirror, es skoon, dan sit hom die indicator to the leftt, vang bietjie briek, dan steek ek die neus agter die ander lorry in." TOETSBEAMPTE: "Raait, maar toe jy nou in die spieel kyk het 'n ander trok van agter die gaping toegemaak. Wat maak jy nou?" JONAS: "Aitsa meneer, dan maak ek my assistant Petros wakker." TOETSBEAMPTE : "Nou hoekom wil jy vir Petros wakker maak?" JONAS: " Jislaaik, Meneer sien, ek dink nie Petros hy het al so moerse ongeluk gesien nie..."

Kallie vra vir Mike of hy dink Portugal ver van hier af is. Mike sê "hy glo nie, want op Laerskool was daar Portugese in sy klas, en hulle het sommer met hul fiets skool toe gery!"

Uit die Kombuis

Gemmerkoekie Patats

6-8 Patats – in skil gekook, laat afkoel en trek skil af en sny in ringe van so 1cm.

2 pakkies gemmer koekies opgebreek en gekrummel.

Sagte bruin suiker (loopsuiker)

Botter (nie margarine nie) om te stip

Pak in botter gesmeerde oond pan in lae soos volg. Strooi eers bruin suiker en pak dan lae patats, gemmer koekie krummels, stip met botter , patats, bruin suiker, stip met botter en so gaan jy aan tot bestandele op is. Eindig met lag gemmer koekies en strip met botter. Bak in matige oond vir 30 tot 45 min.

Resep deur Cecelia Gouws

Knutselblad



Smous hoekie

Wil jy braai vanaand, maar jou houtskool of vuuraanstekers is op?
Skakel vir Dries Brandt by telefoon nommer 011 814 6394 of 083 234 9563.
Hy verkoop ook potjieprutters en potjiedekselstaanders.

Vir lekker tuis-gebakte klein koekies en beskuit bel vir Mercia Combrink by 0726176999. Bestellings moet geplaas word voor ‘n kamp en dit sal na die kamp gebring word.

(Baie dankie aan tannie Mercia wat aangebied het om 10% van die verkope op ‘n kamp aan die jeugfonds te skenk. Red.)

As jy wil adverteer in die smoushoekie e-pos my by mags.randall@yahoo.com

Jaarprogram 2017

Maand	Datum	Plek	Kamp/Kmndt
Januarie	25-26 Snrb	Bloekompoort	Pieter en Bettie Branken
	27- 29	Bloekompoort	Phillip en Hettie Horn
Februarie	17 - 19	Nkwe	Jooste en Elize Potgieter, George en Hester Duvenhage
Maart	25 - 28	Riverside Beach club	Dániel en Paula van Deventer
April	14- 17	Presidente	
Mei	26 - 28	Sionbergh	Doedies
Junie		Gebied Warmbad	
Julie	Geen		
Augustus	9 - 10 Snrb	Bloekompoort	Pieter en Bettie Branken
	11 - 13	Bloekompoort	Bestuur
September	22 - 25	Sionbergh	Bertie en Wilma Herbst
Oktober	20 - 22	Spookkamp	Johan en Elize van Heerden, Zirk en Rie Venter
November	15 - 16 Snrb	Bloekompoort	Pieter en Bettie Branken
	17 - 19	Bloekompoort	Jeug